**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01**

Paper 1 Reading **October/November 2018**

MARK SCHEME

Maximum Mark: 50

**Published**

This mark scheme is published as an aid to teachers and candidates, to indicate the requirements of the examination. It shows the basis on which Examiners were instructed to award marks. It does not indicate the details of the discussions that took place at an Examiners' meeting before marking began, which would have considered the acceptability of alternative answers.

Mark schemes should be read in conjunction with the question paper and the Principal Examiner Report for Teachers.

Cambridge International will not enter into discussions about these mark schemes.

Cambridge International is publishing the mark schemes for the October/November 2018 series for most Cambridge IGCSE™, Cambridge International A and AS Level components and some Cambridge O Level components.



© UCLES 2018

## Generic Marking Principles

These general marking principles must be applied by all examiners when marking candidate answers. They should be applied alongside the specific content of the mark scheme or generic level descriptors for a question. Each question paper and mark scheme will also comply with these marking principles.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 1:

Marks must be awarded in line with:

- the specific content of the mark scheme or the generic level descriptors for the question
- the specific skills defined in the mark scheme or in the generic level descriptors for the question
- the standard of response required by a candidate as exemplified by the standardisation scripts.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 2:

Marks awarded are always **whole marks** (not half marks, or other fractions).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 3:

Marks must be awarded **positively**:

- marks are awarded for correct/valid answers, as defined in the mark scheme. However, credit is given for valid answers which go beyond the scope of the syllabus and mark scheme, referring to your Team Leader as appropriate
- marks are awarded when candidates clearly demonstrate what they know and can do
- marks are not deducted for errors
- marks are not deducted for omissions
- answers should only be judged on the quality of spelling, punctuation and grammar when these features are specifically assessed by the question as indicated by the mark scheme. The meaning, however, should be unambiguous.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 4:

Rules must be applied consistently e.g. in situations where candidates have not followed instructions or in the application of generic level descriptors.

GENERIC MARKING PRINCIPLE 5:

Marks should be awarded using the full range of marks defined in the mark scheme for the question (however; the use of the full mark range may be limited according to the quality of the candidate responses seen).

GENERIC MARKING PRINCIPLE 6:

Marks awarded are based solely on the requirements as defined in the mark scheme. Marks should not be awarded with grade thresholds or grade descriptors in mind.

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 1(a) | Enige twee van die volgende:<br>Die anekdote hou verband met die praktiese gebruik van *HAT* waarna in paragraaf 3 en 4 verwys word. ✓<br>Die vertel van die storie prikkel die gehoor se belangstelling. ✓<br>Die storie dra daartoe by om ’n ontspanne atmosfeer te skep. ✓ | **2** |
| 1(b) | Die beskrywing van *HAT* as present by ’n kombuistee en ’n *Klein HAT* as geskenk by ’n ooievaarstee is een van die voorbeelde van humor ✓ wat die toespraak ’n ligte toon gee wat help om die potensiële erns van die onderwerp te balanseer. ✓<br>Of:<br>Die beskrywing van die ongewone gebruike van *HAT* [plus een voorbeeld], ✓wat heeltemal van die bedoelde gebruik as woordeboek verskil, skep humor. ✓ | **2** |
| 1(c)(i) | doelgerig/vasberade/sterk/vinnig ✓ | **1** |
| 1(c)(ii) | veral ✓ | **1** |
| 1(c)(iii) | pionier/iemand wat die pad oopmaak ✓ | **1** |
| 1(c)(iv) | alle gebruikers/sprekers van ’n taal ✓ | **1** |
| 1(d) | Om Afrikaans op te teken ✓<br>Om die gebruikers van Afrikaans die vryheid te gee om die taal goed te kan gebruik ✓<br>Om te wys hoe mooi en lewend die taal is ✓<br>Om kennis van die taal te verskaf ✓ | **4** |
| 1(e) | Die woordeboek weerspieël die veranderinge in Afrikaans. ✓<br>Die woordeboek verteenwoordig formele en alledaagse taal. ✓ | **2** |
| 1(f) | Enige twee van die volgende:<br>Die verwysing na beweging in “op reis” en “... deur die hele land” ✓ sluit aan by die dinamiese aard van Afrikaans wat in *HAT* weerspieël word. ✓<br>Die alliterasie/klankherhaling in “<u>P</u>arow tot <u>P</u>olokwane” en “<u>K</u>eimoes tot <u>K</u>okstad” ✓ sluit aan by die skoonheid van Afrikaans wat *HAT* toon / toon hoe wyd *HAT* gebruik word. ✓<br>Die woordspeling/rym in “met die *HAT* in die hand ...” in plaas van die “met die hoed in die hand” soos in die idioom ✓ sluit aan by hoe nuttig HAT is. ✓ | **4** |
| 1(g) | Die woordspeling in “loop die HAT van oor” in plaas van “loop die hart van oor” maak dit ’n gepaste titel ✓ omdat dit aansluit by die groot verskeidenheid woorde wat in *HAT* opgeneem is. ✓ | **2** |

**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas.<br>Gevarieerde, presiese woordeskat.<br>Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| **4 (Goed)** | Duidelike, gepaste taal.<br>Gepaste woordeskat.<br>Min tegniese foute. |
| **3 (Voldoende)** | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis.<br>Voldoende woordeskat.<br>Sommige tegniese foute. |
| **2 (Swak)** | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie.<br>Eenvoudige sintaksis met ’n mate van lomp taalgebruik.<br>Beperkte woordeskat.<br>Verskeie tegniese foute. |
| **1 (Baie swak)** | Beperkte, onvanpaste taalgebruik.<br>Verward en obskuur.<br>Talle foute. |

[Totaal: 20 punte vir inhoud en 5 punte vir taalgebruik = 25]

© UCLES 2018

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | • 15 punte is beskikbaar vir Lees. Elke relevante punt kry ’n regmerkie. ’n Punt word vir elke regmerkie toegeken tot ’n maksimum van 15 punte (sien die moontlike antwoorde hieronder).<br>• 10 punte is beskikbaar vir Skryf (sien die onderstaande tabelle). | **25** |

**Skryf: Styl en Organisering**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Uitstekende uitdrukking en fokus met uitstekende gebruik van eie woorde.<br>Goeie opsommingstyl met ordelike groepering van idees; uitstekende skakeling. Antwoord is doelgerig. |
| **4 (Goed)** | Goeie uitdrukking in herkenbare opsommingstyl.<br>Poging om te fokus en idees te groepeer; goeie skakeling. |
| **3 (Voldoende)** | Bevredigende uitdrukking in eie woorde.<br>Redelik presies, met ’n mate van ordening.<br>Sporadiese gebrek aan fokus. |
| **2 (Swak)** | Beperkte uitdrukking, maar meestal in eie woorde.<br>’n Mate van orde, maar min gevoel vir skakeling.<br>Geneigdheid om fokus te verloor (bv. deur ’n anekdote in te sluit): ontwikkeling dikwels moeilik om te volg. |
| **1 (Baie swak)** | Uitdrukking bloot voldoende; moontlik soos ’n lys.<br>Heelwat oorskrywery uit die tekste; herhalend.<br>Dikwels irrelevant. |

**Skryf: Akkuraatheid van taal**

| | |
|---|---|
| **5 (Uitstekend)** | Duidelike, noukeurig gekose taal met komplekse sintaksis, waar gepas.<br>Gevarieerde, presiese woordeskat.<br>Skaars enige of geen tegniese foute nie. |
| **4 (Goed)** | Duidelike, gepaste taal.<br>Gepaste woordeskat.<br>Min tegniese foute. |
| **3 (Voldoende)** | Taal meestal gepas, maar ongesofistikeerd en hoofsaaklik eenvoudige sintaksis.<br>Voldoende woordeskat. Sommige tegniese foute. |
| **2 (Swak)** | Ongesofistikeerde taal, nie altyd gepas nie.<br>Eenvoudige sintaksis met ’n mate van lomp taalgebruik.<br>Beperkte woordeskat. Verskeie tegniese foute. |
| **1 (Baie swak)** | Beperkte, onvanpaste taalgebruik.<br>Verward en obskuur.<br>Talle foute. |

© UCLES 2018

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | | **25** |
| | **Moontlike antwoorde**<br>• Let op dat die volgende 'n lys *moontlike* antwoorde is.<br>• Let ook op dat dit in notavorm is, maar dat daar van kandidate verwag word om hulle antwoorde in aaneenlopende prosa aan te bied.<br>• Alternatiewe antwoorde wat relevant tot die taak is, sal ook 'n punt ontvang.<br>• Antwoorde moenie langer as **250 woorde** wees nie. (Indien antwoorde langer is, word die gedeelte wat langer is, geïgnoreer.) | |
| | **Ooreenkomste en verskille**<br>***Noem tot 11 punte in verband met ooreenkomste en verskille in inhoud vir 1 punt per elke verskil/ooreenkoms.*** | |
| | **Albei tekste:**<br>• verwys na woordeboeke<br>• verwys na die doel van die onderskeie woordeboeke<br>• verwys na hoe lank die onderskeie woordeboeke al bestaan<br>• verwys na hoe die onderskeie woordeboeke verander het<br>• verwys na die insluiting van nuwe woorde in die woordeboeke<br>• verwys na hoe alle Afrikaanssprekendes se taal in die woordeboeke ingesluit word | |
| | **Teks A:**<br>• handel oor die *HAT*<br>• is in die eerste persoon<br>• begin met 'n anekdote<br>• gebruik beeldryke, skeppende, idiomatiese taal<br>• beskryf die breër funksie van *HAT*<br>• beklemtoon die inklusiwiteit van *HAT* | |
| | **Teks B:**<br>• handel oor die *WAT*<br>• is hoofsaaklik in die derde persoon geskryf<br>• beskryf die *WAT*-kantoor en -gebou<br>• haal hoofsaaklik een persoon woordeliks aan<br>• verwys na spesifieke woorde in *WAT*<br>• verduidelik byvoorbeeld wat hiate is<br>• verduidelik hoe die einde van apartheid woordeboeke beïnvloed het<br>• verduidelik *WAT* se posisie ten opsigte van rassistiese en seksistiese woorde | |

| Question | Answer | Marks |
|---|---|---|
| 2 | **Styl en doel (*gee maksimum vier punte*)**<br>***Gee 2 punte per verskil***<br>**Byvoorbeeld:**<br>• Teks A is ’n toespraak terwyl Teks B ’n koerantartikel is.<br>• Teks A het ’n ligte toon afgewissel met ’n ernstiger toon; Teks B is meer informatief.<br>• Teks A fokus op *HAT* se doel en funksie; Teks B fokus op verskillende aspekte van *WAT*.<br><br>***Gee 1 punt per ooreenkoms***<br>**Byvoorbeeld:**<br>• Albei tekste het ’n goed afgeronde struktuur<br>• Albei tekste gee inligting.<br>• Albei tekste wil ’n houding teenoor woordeboeke oordra.<br>• Albei tekste wil ’n bepaalde indruk op die leser maak. | |

[Totaal: 15 punte vir inhoud en 10 punte vir taalgebruik = 25]

© UCLES 2018